higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N380**(A)**(N16)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK EN PRAKTIES N4

(7080104)

16 November 2018 (X-Paper)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLITING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
4. Begin elke vraag op ‘n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar..

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 Gordyne absorbeer klank in 'n kamer, wat die akoestiek verbeter.

1.1.2 Dit is 'n goeie idee om sterk kleure, patrone en plakkater in 'n babakamer te gebruik om dit interessanter te maak.

1.1.3 Oranje is 'n verwelkomende, joviale kleur.

1.1.4 Observering beteken ook om te kyk vir 'n spesifieke rede.

1.1.5 Kontrolelyste wat vir observering gebruik word is ryk aan detail.

1.1.6 Observering moet slegs gedoen word vir die doel van assessering.

1.1.7 Kunsaktiwiteite moet opmekaar bou – ban maklik tot moeilik.

1.1.8 Hersirkulering is belangrik in die babakamer.

1.1.9 Houtwerk is 'n goeie aktiwiteit vir seuns en weefwerk vir dogters.

1.1.10 Skoonmaak na 'n kunsaktiwiteit is 'n goeie groepaktiwiteit.

(10 × 2) (20)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK.

fynmotoriese spiere; konfidensieel; ruimtelike oriëntering; ekspressiewe taal; reseptiewe taal; xilofoon; harp; ouditiewe persepsie; projektiel; visuele diskriminasie; mylpaal; alleenheid ('solitary'); parallelle spel; persoonlike detail

1.2.1 Bedoel om geheim gehou te word

1.2.2 Taalontwikkeling en vaardigheid wat handel oor ekspressie en uitspraak ('pronunciation')

1.2.3 Tel klein voorwerpe op met die duim en voorvinger

1.2.4 Iets wat alleen gedoen word

1.2.5 Die vermoë om die liggaam se posisie en postuur te behou in verhouding met die omringende omgewing

Kopiereg voorbehou

1.2.6 Betekenisvolle stadium in ‘n kind se ontwikkeling

1.2.7 Musiekinstrument wat gespeel word deur ‘n ry houtstawe te slaan

1.2.8 Hoe die brein die dinge wat ons hoor interpreteer

1.2.9 Ken sy/haar en sy/haar ouers se name

1.2.10 Iets wat gegooi of geslinger word

(10 × 2) (20)

1.3 Verskeie antwoorde word vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK.

1.3.1 Die vaardigheid wat die meeste ontwikkel word wanneer ‘n baba ‘n ballon sien en gryp.

A Sosiale vaardighede
B Emosionele vaardighede
C Oog-hand koördinasie
D Kognitiewe vaardighede

1.3.2 Tydens bokskonstruksie leer kinders oor konsepte soos …

A ruimtebewussyn.
B warm en koud.
C links en regs.
D klassifikasie.

1.3.3 Watter EEN van die volgende is NIE ‘n goeie oorsaak-en-gevolg-speelding nie:

A Jack-in-the-box
B Teddiebeer
C opwenkarretjie
D Musiekdoos

1.3.4 Voorwerppermanensie gebeur wanneer ‘n baba …

A verskillende klanke herken.
B besef dat ‘n voorwerp nog daar is al is dit weggesteek.
C ‘n toring met blokkies bou.
D leer om sy gevoelens te beheer.

Kopiereg voorbehou

1.3.5 'n Kind wat voorgee om op 'n telefoon te praat is 'n voorbeeld van …ontwikkeling.

A taal
B fisiese
C emosionele
D kreatiewe

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Noem SES punte wat oorweeg moet word wanneer die uitleg van 'n babakamer beplan word. (6)

2.1.2 Bespreek hoe toerusting in 'n babkamer gebêre moet word. (6)

2.2 2.2.1 Definieer die term *ontdekkingspel/aktiwiteite*. (3)

2.2.2 Hoe kan ouers betrokke wees by ontdekkingspel? (4)

2.2.3 Bespreek wanneer en waar ontdekkingsaktiwiteite behoort plaas te vind.
(2 × 2) (4)

2.2.4 Noem SES voorwerpe wat gebruik kan word om 'n baba se gevoelsintuig te ontwikkel. (6)

2.3 Noem AGT vereistes vir gskikte speelgoed vir babas. (8)

2.4 Verduidelik hoe die aantal kinders in 'n gesin spel kan beïnvloed. (2 × 2) (4)

2.5 Verduidelik die stadiums van fantasiespel en gee voorbeelde van elk. (3 × 2) (6)

2.6 Noem DRIE krabbelstadiums in teken. (3)
[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Verduidelik die observering van babas in die voorskool. (3)

3.1.2 Gee VIER vrae wat kan help in die observering van babas. (4)

3.2 Wat behoort educarers in gedagte te hou wanneer die baba se vordering met ouers bespreek word? (6)

3.3 Verduidelik die kriteria wat gebruik moet word wanneer geskikte boeke vir babas uitgesoek moet word. (5)

3.4 Bespreek die kriteria vir geskrewe beplanning. (4 × 2) (8)

3.5 Kopieer die volgende lesplan in die ANTWOORDBOEK en voltooi dit deur 'n fisiese aktiwiteit vir 'n babagroep (6–12 maande).

Algemene inligting • • • • • • (6 × 1)		(6)
Inleiding - doelstelling	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
		(3 × 2) (6)
Hoofaktiwiteit – Doelstelling	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
		(3 × 2) (6)
Afloop – Doelstelling	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
		(3 × 2) (6)
Evaluering:		

[50]

VRAAG 4

4.1 Lerato is 'n onderwyser in die Vrystaat. Sy hou daarvan om morsspel ('messy play') in die speelskool op te stel. Sy probeer om elke dag iets nuus te probeer. Sommige van haar kollegas verstaan nie die waarde van morsspel nie.

4.1.1 Verduidellik die term *morsspel.* (2)

4.1.2 Gee die voordele van *morsspel.* (4 × 2) (8)

4.1.3 Bespreek die rol van die educarer gedurende morsspel. (6)

4.1.4 Wat kan Lerato by die speeldeeg voeg om kinders se sintuie meer te ontwikkel as normale speeldeeg? (3)

4.2 4.2.1 Alle afdelings vir die versorging en onderwys van jong kinders het dieselfde basiese doelstelling, naamlik, om die behoeftes van kinders na te kom.

Noem VYF aktiwiteitsareas in die speelkamer. (5)

4.2.2 Bespreek die waarde van die babakamer in verskillende aktiwiteitsareas te verdeel. (4 × 2) (8)

4.3 Wanner daar geverf word in die voorskool, moet mens om primêre kleure in te lei. Sekondêre kleure kan dan gemeng word.

Watter TWEE primêre kleure is nodig om die volgende sekondêre kleure te kry?

4.3.1 Pers

4.3.2 Oranje

4.3.3 Groen

(3 × 2) (6)

4.4 4.4.1 Weef is die proses waadeur material inmekaar gevleg word.

Bespreek die waarde van weef in die voorskool. (4 × 2) (8)

4.4.2 Noem VIER gepaste materiale om mee te weef. (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou